

Tema: Staan daarop: Jy is gered en geroep deur God

Woordbediening: 2 Timoteus 1

“Skaam jou dan nie oor die getuienis van onse Here of oor my, sy gevangene nie, maar ly saam verdrukkinge vir die evangelie na die krag van God wat ons gered en geroep het met ’n heilige roeping, nie volgens ons werke nie, maar volgens sy eie voorneme en genade wat ons van ewigheid af in Christus Jesus geskenk is, maar wat nou geopenbaar is deur die verskyning van ons Verlosser, Jesus Christus, wat die dood tot niet gemaak het en die lewe en die onverderflikheid aan die lig gebring het deur die evangelie waarvoor ek aangestel is as prediker en apostel en leraar van die heidene.” (2 Tim 1:8-11)

In elke gelowige se lewe kan daar tye van twyfel en verflouing kom. Wat doen jy as jou geloofsliggie nie meer so helder brand soos aan die begin nie? Of as jou leier of mentor op wie jy gesteun het nie meer daar is nie? Die Here het vir Paulus hierdie brief aan Timoteus laat skryf om vir Timoteus te help om sy onsekerheid te oorkom. Ons kan vandag nog hieruit leer.

Die kernvraag wat elkeen vir homself moet beantwoord: Glo ek nog dat ek deur God gered en geroep is “*met ’n heilige roeping*”? **Nie net gered** van die oordeel en die ewige dood nie, maar **ook geroep** tot die ewige, onverganklike lewe wat Jesus Christus vir ons oopgemaak het? Is dit nog steeds vir my “*heilig*”, omdat ek dit van God self ontvang het? Is dit vir my so belangrik dat ek dit op my “*Facebook*” sit? Of probeer soos ’n geheime agent my christenskap wegsteek deur soos ’n ongelowige te leef en te praat?

Watter praktiese hulp kry ons uit hierdie Skrifgedeelte?

1. Dank God vir jou geloof en vir hulle by wie jy leer glo het (v 3-5).
2. Fokus op jou genadegawe en gebruik dit (v 6)
3. Vertrou die Heilige Gees vir krag, liefde en selfbeheersing (v 7)
4. Word doelbewus ’n mede-verdrukte vir die evangelie (v 8)
5. Beleef jou redding en roeping as heilig en ’n geskenk van God (v 9)
6. Bewaar dit alles wat God jou gee deur die krag wat Hy jou gee (v 14)

Watter verantwoordelikheid het ons teenoor mekaar?

1. Bid vir mekaar en moedig mekaar aan om hierdie dinge te doen (v 3).
2. Leer uit die negatiewe voorbeeld van mense (v 15).
3. Leer uit die positiewe voorbeeld van mense (v 16,17)
4. Bedien mekaar met die Woord van God (2:1).
5. Dra dit oor aan die volgende geslag (2:2).
6. Roep mekaar op om op te staan vir die stryd (2:3)